# Die wilde kalkoen in die Oos-Vrystaat

Die beraamde getal van Wilde Kalkoene *(Geronticus calvus)* wat nog in die Republiek, Lesotho en Swaziland broei, is sowat 2 000. Die voëlsoort is endemies in Suider-Afrika en het nooit buite die grense van die Drakensberg-reeks en sy uitlopers versprei nie. 'n Aansienlike deel van die totale populasie broei in die Oos-Vrystaat. Reisigers kan inderdaad op die paaie daar dikwels groepies van 10 tot 15 voëls sien soos hulle in die oop veld of op vars-omgeploegde landerye met flink bewegings na sprinkane, wurms en ruspes rondsoek. Hul vereprag, wat in die volwasse voël 'n bronsgroenglans toon en pragtig met die dieprooi van die kaal kop kontrasteer, asook die geselligheid van so 'n groepie op die grond, is die rede vir die Afrikaanse naam. Die Wilde Kalkoen is taksonomies verwant aan die Glansende Ibis *(Plegadis falcinellus)*, die Hadeda *(Bostrychia hagedash)*, die Skoorsteenveër *(Threskornis aethiopicus)* en die Lepelaar *(Platalea alba)*, almal voëls wat ook in Suid-Afrika voorkom en lede is van die Ibis-familie *(Threskiornithidae)* wat oor die warmer dele van feitlik alle kontinente versprei is.

Die naaste verwant van die Wilde Kalkoen is die Gekuifde Wilde Kalkoen *(Geronticus eremita)*, waarvan die voortbestaan tans nog meer bedreig is aangesien sy bekende broeipopulasies nou slegs tot 'n paar ontoeganklike plekke in Noordwes-Afrika en Turkye beperk is. Die gekuifde Wilde Kalkoen het tot die sestiende eeu ook in die Alpe tot by Suidwes-Duitsland gebroei. Jaglus, verder aangespoor deur die aanvraag na hierdie voël se pragvere en smaaklike vleis, het in Europa tot sy algehele uitroeiing bygedra.

Die bewaring van die inheemse Wilde Kalkoen word deur sekere natuurlike faktore begunstig. Een van die belangrikste redes is dat dit nie 'n trekvoël is nie. Bekende broeiplekke is tot dusver in die omgewings van Memel, Vrede, Volksrust, Harrismith, Kestell, Bethlehem, Clarens en Ficksburg aangeteken.



*Skets van 'n groep Wilde Kalkoene*

Ons vermoed dat afgesien van hierdie tans bekende broeikolonies 'n verdere aantal onbekende klein broeikolonies verantwoordelik is vir die huidige gunstige geheelbeeld van die Wilde Kalkoen se populasies in die Oos-Vrystaat. Dit kan terselfdertyd nog 'n gunstige faktor wees wat sy bewaring in die hand werk. Groot broeikolonies is meer kwesbaar wanneer voedsel in die omgewing skaars word. Hulle is ook maklike teikens vir vandalisme wat self in die bes beheerde gebiede nooit buite rekening gelaat kan word nie.

Vir rekorddoeleindes verneem ons graag van broeikolonies waarvan u in u omgewing bewus is.

*Dr T Farkas*
*Ornitoloog*

**SWART SKOOLGROEPE**

Verlede jaar het bykans 25 000 skoliere van swart skole van die Oranje-Vrystaat, Lesotho en Noord-Kaapland die Museum besoek in 340 georganiseerde groepe. Die swart lektorgids wat hierdie groepe hanteer, is mnr Edwin Mohatlane en vooraf moet met hom gereël word vir 'n besoek. Dit word ook vanaf die begin van hierdie jaar in die vooruitsig gestel dat die groepe uit nie meer as veertig kinders bestaan nie anders kan die opvoedkundige waarde van die besoek nie tot sy reg kom nie.



Gedruk deur die Nasionale Museum, Bloemfontein.